## **Die Toename in die Godsaligheid**

Filipense 1:9-11

Wanneer die Here Jesus ons siele kom red is dit belangrik dat ons sal toeneem in die Godsaligheid.

Wat sê 1 Timotheus 4:7 moet ons doen?

_________________________________________________________________

As ek nou vir elkeen moet vra, hoe moet ons, ons oefen in die Godsaligheid?

Hoe sal die oefening lyk?

___________________________________________________

___________________________________________________

___________________________________________________

Hoe meer ons die Woord bestudeer en hoe beter ons die Here leer ken, hoe beter verstaan ons wat die Here bedoel as Hy vir ons die opdrag gee dat ons, ons moet oefen in die Godsaligheid. Oefening is nie altyd baie lekker nie. As ons bv vir elke teksvers wat ons leer R10 000 kry dink ek sal ons aan die einde van die jaar 'n huisie by die see kan bekostig, teen die spoed wat ons dit sal leer. Ons sal eweskielik die brein kapasiteit besit van 'n tiener.

Dit gaan oor die motivering, dissipline en ook dan die vrug op dit wat ek doen .

Kom ons kyk na die eerste oefening:

1) **Oefen jou in die strewe na liefde**

   1 Joh 4:19 – Die Rede van ons liefde

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________

   Rom 5:5 – Goddelike Liefde

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________

   Fil 1:9 – Bestaande liefde

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________

   Joh 3:16 - Doelbewuste liefde -Agape

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________

   Efe 4:32 – Dinamiese Liefde

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________

1 Pet 1:22  - Diepe Liefde

___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________

1 Kon 3: 9  - om te Onderskei in liefde

___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________

2) **<u>Oefen in die strewe na Uitmuntendheid  v10</u>**

Dit gaan nou nie net meer as kind van God om te onderskei tussen goed of sleg nie, maar tussen goed ….en beter. Ongelukkig word mense vandag in die kerk nie meer geleer om vir hulle self te dink, terug te gaan na die Skrif en leer om te onderskei nie. Baie mense sit onder prediking en dit maak nie saak wat die Predikant of spreker sê nie, hulle sal dit neem sonder om te onderskei.
Baie het die ywer sonder die kennis of die entoesiasme sonder die insig.
Om iets te voel is meer Pragmaties as om die Bybel te lees, bestudeer en toe te pas in in mense se lewens. Die kits kos beginsel is die gedagte en ons almal weet hoe gou kits kos mens weer laat honger laat.

As ons werklik na Uitmuntendheid in ons geestelike lewe wil streef moet ons, ons emosies aan ons denke onderwerp. Kom ons kyk na wat die Skrif ons leer.

Rom 12:2 ___________________________________________________________
Efe 5:8,10 __________________________________________________________
Efe 5:15-17 _________________________________________________________
Fil 4:8 _____________________________________________________________
1 Thess 5:21 ________________________________________________________

3) **<u>Die Strewe na Integriteit</u>**

Goddelike liefde met Geesbeheerde Uitmuntendheid sal lei tot Integriteit.
Dit is ‘n Karaktertrek wat baie skaars geword het in ons wêreld. Juis omdag mense nie meer streef na goddelike liefde nie, want my liefde vir God en vir my medemens bring mee dat 1 Kor 10:31 in my lewe manifisteer. En wat is dit??

___________________________________________________________________________

Hoe pas ek Integriteit in my lewe toe?
**Deur dat alle Bybelse waarhede deel vorm van al die areas in my lewe.**

My lewe is asteware gevul met God se Woord en ek het hierdie absolute afhanklike gehoorsaamheid aan God en Sy Woord wat my hart en wese vul.
Daar kan nie krake in ons lewens wees waar onsuiwerhede kan kom lê en skade doen aan God se naam nie. My lewe moet eg wees voor die Here. Ons weet niemand van ons is volmaak nie. Dit is ‘n daaglikse stryd tussen die vlees, die wêreld en die satan. Maar my begeerte moet daar wees om Heilig te lewe voor God.

1)**<u>Onberispelik</u>**
= Sincere. In Grieks is die oospronklike betekenis, soos ‘n siftingsproses. Dit kan ook vertaal word na ‘son’ of ‘om te oordeel’. Die samestelling sal wees om ‘ deur sonlig getoets te word’
In die ou antieke tyd was die erdewerk baie dun en helder van kleur. Baie van die erdewerk het egter barsies gemaak tydens die bakproses en daardie erdewerk was dan nie baie werk nie. Oneerlike handelaars het dan ‘n pêrelagtige was geneem en dit toegesmeer sodat dat die krake en die klei saamsmelt. Die krakies was moeilik waarneembaar omdat hulle dit dan geverf en glasuur het. Jy kon slegs die krakies waarneem as jy dit teen die sonlig gehou het.
Egte erdewerke het gewoonlik die skrif ‘sine cera’ onder aan die voorwerp gehad wat dit dan gewaarborg het as eg.

So word ons lewens as God se kindes teen die Lig van God se Woord opgehou en as ons daarin kyk, kan ons maklik die egte waarneem.
Ps 119:9-11 leer ons dat dit die rede is waarom ons elke dag deur God se Woord gevoed moet word.

2) **<u>Sonder Blaam</u>**
Dit spreek van ‘n innerlike intergriteit. Dit is om nie iemand kwaad aan te doen of moedswillig te laat struikel nie. 1 Kor 10:31-32 leer ons dat ons aan niemand aanstoot moet gee, deur ons sonde nie.
So ‘n persoon word ook nie deur die wêreld se wysheid en opinies verlei nie. Wat leer Jak 1:27, 4:4 em 1 Joh 2:15 ons?
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

**4) <u>Die Strewe na goeie werke v11</u>**
Die Nuwe testament praat van 2 soorte vrug. Die eerste een is die vrug van siele. Rom 1:13,15:28. Wat ‘n voorreg om aan mense die blye nuus van Christus te vekondig en dan ook die vrug te sien van Hulle wat na Jesus kom vir redding.
Die ander vrug is die vrug in Gal 5:22.
Die vrug van goeie werke en goeie gesindhede.

Dit is in hierdie area waar ons as kinders van die Here op die proef gestel word en toewyding aan die Here is hier van groot belang. Sonder om in Jesus te bly soos Johannes 15 ons leer en toegewyd te bly aan Hom, sal ons nie standhoudend vrug kan dra nie.

5) **<u>Die Heerlikheid van God</u>**

Paulu bid op die ou einde dat alles net 'tot God se lof en eer' sal wees. Dit was altyd sy doel. God se eer!

1 Kor 6:20_________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

'n Lewe wat gekenmerk word deur liefde, uitnemendheid, integriteit en goeie werke, **SAL GOD VERHEERLIK!!**

Joh5:18____________________________________________________________